# 1ste kwartaal 2016 in 'n "neutedop"

**HEY! Brokkies Nuus**

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Die 1ste kwartaal was baie geseënd, hoewel nie sonder uitdagings nie. Ons deel graag hoogtepunte en vra gebed vir spesifieke sake**




Hoop vir kinders opleiding deur Chris Bester aan einde van kwartaal ♥

**1.Vrywilligers:** Die **sowat 70 mense** wie HEY! op vrywillige basis help met Bybelklasse is ons grootste bate! Die mens se konstante veranderende omstandighede m.b.t. gesondheid, gesins– en familie verpligtinge, beroep en werk, het tot gevolg dat heelwat ou gesoute vrywilligers nie meer klasse kon doen wat hul van te vore kon waarneem nie. Dit is altyd 'n groot verlies want **om goed opgeleide en ervare mense te vind wie in 'n lewende verhouding met Jesus staan en ook graag met kinders werk en ook uithouvermoë het is baie skaars**! Daarom is ons so geseënd met ons super spesiale span! **Dis is een van ons grootste gebedsversoeke.** Bid asb gereeld vir passievolle, Geesvervulde helpers wie sal deurdruk al is omstandighede soms nie so maklik nie. Ek het hierdie stukkie deur Bob Gass gelees en deel graag as bemoediging***: What was the secret of Paul's strength? "I just let Christ take over! And so the weaker I get, the stronger I become" (2Co 12:10 TM). D. L. Moody said, "When a man has no strength, if he leans on God he becomes powerful." Regardless of how long you've walked with Jesus, never forget that every ounce of your adequacy comes from Him.*** Bid asb. saam dat elkeen betrokke net weer opnuut sal "surrender" en Christus laat oorvat en versterk word om met nuwe energie kwartaal 2 aan te pak. **DANKIE AAN ELKE HELPER..JY IS SO KOSBAAR VIR ONS!**



Hoop vir Kinders by Beaumont- pret!!!

**3.Bybelklasse van pre-primêr tot gr7** Dis 'n groot voorreg om by hierdie laerskole bedieninge te kan betrokke wees: **Lochnerhof, Beaumont, De Hoop, Danie Ackermann, Somerset-Wes, Hope & Light, Lawrencia, 2 plaas bedieninge-Rustenhofplaas en Croydon, Bonnytoun en Soteria.** Bybellesse word noukeurig gekies vir spesifieke ouderdom en neem ook behoeftes in ag van skool of instansie waar bedien word. Daar word tans **2 651 kinders bedien in die Wes-Kaap in 84 verskillende klasse** Die Bybel is ons lewens Handleiding en dis 'n voorreg om kinders van kleins af te kan onderrig uit God se Woord! Mag ***psalm 119:11*** waar wees vir die kinders wie ons bedien: ***"Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."*** **Bid saam vir oop deure in skole**!!



Paasnagmaal by Croydon- vreugde in aksie!



De Hoop se vrolike graad 3's



Soteria se oulike gr1 klas by Joelene wie klas aanbied! Ons saai saad op die nuwe akker!

**4.Nuwe akker-Soteria in Strand:** In 2016 gaan deure oop by die pre-primêre en gr1 ouderdom- God in Sy wysheid het 'n plan hiermee! By Soteria het Joelene en span met **gr RR tot gr1 klasse** begin en **108 kinders** word bedien. Die skool is so ondersteunend en die kinders soos sponsies wat honger die Woord indrink! ***1Pet 2:2 "en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei"*** **Ons saai saad en vertrou God vir die oes!** ♥ **DANKIE GOD VIR U GUNS!**